

Rig alle korrespondensie aan:
DIE MUNISIPALE BESTUURDER
Privaatsak X53, Prins Albert, 6930
E-Pos / E-Mail: adminklerk@pamun.gov.za

Address all correspondence to:
THE MUNICIPAL MANAGER
Private Bag X53, Prince Albert, 6930
Tel: 023-541 1036

OPENBARE KENNISGEWING

KONSEPVERORDENING INSAKE BOUBEHEER, 2026

UITNODIGING VIR OPENBARE KOMMENTAAR

Hiermee word kennis gegee dat die Munisipale Raad van Prince Albert, tydens sy vergadering gehou op 30 September 2026, die Konsepverordening insake Boubesheer van die Prince Albert Munisipaliteit, 2026, vir doeleindes van openbare deelname en kommentaar goedgekeur het.

Die Konsepverordening insake Boubesheer is opgestel om 'n regulatoriese raamwerk te voorsien vir die oprigting, verandering, instandhouding en sloping van geboue binne die jurisdiksie van die Prince Albert Munisipaliteit, asook om aangeleenthede rakende boubesheer en die indiening, oorweging en goedkeuring van bouplanne te reguleer.

Die Verordening is bedoel om die toepaslike nasionale en provinsiale wetgewing wat boubesheer reguleer, aan te vul. Lede van die publiek, eiendomseienaars, ontwikkelaars, bouprofessionele persone, kontrakteurs, gemeenskapsorganisasies en ander belanghebbende en geaffekteerde partye word hiermee uitgenooi en aangemoedig om die Konsepverordening insake Boubesheer deeglik te bestudeer en skriftelike kommentaar, vertoë of aanbevelings aan die Munisipaliteit voor te lê.

BESKIKBAARHEID VAN DIE KONSEPVERORDENING

Die Konsepverordening insake Boubesheer, 2026, is op die Prince Albert Munisipaliteit se webtuiste beskikbaar: <https://www.pamun.gov.za/documents/browse?folder=by-laws>

'n Afskrif van die dokument kan ook vir inspeksie besigtig word by die Munisipale Kantore, Adderleystraat 01, Thusong-sentrum, Prince Albert, 6930, asook ons Biblioteke.

INDIENING VAN KOMMENTAAR

Skriftelike kommentaar kan soos volg ingedien word:

Per e-pos:

adminklerk@pamun.gov.za

Per handaflewering:

Munisipale Kantore

Adderleystraat 01

Thusong-sentrum

Prince Albert

6930

Alle voorleggings moet duidelik aandui dat dit betrekking het op die Konsepverordening insake Boubesker, 2026.

SLUITINGSDATUM VIR KOMMENTAAR

Die sluitingsdatum vir die indiening van skriftelike kommentaar is: 13 NOVEMBER 2026

Lede van die publiek word aangemoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak om hulself deeglik van die voorgestelde Verordening te vergewis en om konstruktiewe insette vóór die sluitingsdatum te lewer.

Alle kommentaar wat binne die voorgeskrewe tydperk ontvang word, sal deur die Munisipaliteit oorweeg word as deel van die openbare deelnameproses.



ADV. M. GILIOME

MUNISIPALE BESTUURDER

DATE : 08 OKTOBER 2026